Sel: +27 83 412 7453 (Andries)
+27 82 924 8825 (Liesl)
Faks: +27 86 608 9435

E-pos: an3sdutoit@gmail.com
E-pos: liesl.andries@gmail.com
Webtuiste: www.kosmostoere.co.za

Weskustoer

KOSMOS TOERE IS DEEGLIK BEWUS VAN DIE REALITEIT EN RISIKO VAN COVID-19. AL ONS TOERE IS ONDERHEWIG AAN REGULASIES EN PROTOKOL SOOS VEREIS DEUR WETGEWING. DRA VAN MASKERS, GEREELDE ONTSMETTING EN SLEGS 70% VAN VOERTUIGKAPASITEIT IS VAN TOEPASSING. HIERDIE REGULASIES KAN VERANDER NA GELANG VAN WETGEWING.

Toerdatum: 25 - 30 Augustus 2022 (6 dae)

Toerprys: R 9 900.00 per persoon wat deel.

- **Deposito:** R 3 300.00 (Met bespreking. LW U plek is slegs verseker met betaling van deposito en ontvangs van bewys.)
- **Balans:** R 6 600.00 (Betaalbaar 30 dae voor vertrek.)

Vergewis u asseblief van die inligting en betalingsmetodes by “Algemene Inligting” op bladsy 4.

Enkelbybetaling: R 1 500.00 (As enkelakkommodasie vereis word – onderhewig aan beskikbaarheid.)

Toerprys sluit in: Vervoer, akkommodasie, 2 etes per dag en toegangsgelde soos vermeld.

Dag 1

- **VERTREKTYD EN PLEK:** Ons vertrek om **07h00** vanaf die **Universitas Hospitaal, President Paul Krugerlaan**, Bloemfontein. Maak seker dat u aan die ooste kant van die parkeerterrein is. U sal ons bus daar sien staan. Wees reeds **06h30** daar sodat ons stiptelik kan vertrek.

Vanaf **Bloemfontein** ry ons oor **Petrusburg, De Aar en Britstown**. Op **Carnavon** besoek ons ‘n **Korbeelhuisie** - ‘n boustyl van die 1800’s wat uniek aan hierdie omgewing is. Ons oornag in **Williston.**

Dag 2

Na ontbyt vertrek ons na **Nieuwoudtville**. Die geel katsterte oppad na Nieuwoudville sê reeds vir ons dat ons nou baie naby aan die blommestreek is. Die veld rondom Nieuwoudtville is gewoonlik hierdie tyd van die jaar oortrek met ‘n groot verskeidenheid van blomme. Die dorp staan dan ook bekend as die bolplanthoofstad van die wêreld. Ons besoek die **Nieuwoudtville-waterval** asook die plaas **Matjiesfontein** wat bekend is vir sy skouspelagtige veldblomme (onderhewig aan padtoestand). Ons ry met die **Vanrhynspas** af en stop om die asemrowende uitsigte oor die **Knersvlakte** te aanskou. In **Vanrhynsdorp** besoek ons die **Kokerboom Kwekery** (onderhewig aan beskikbare tyd). Ons oornag vanaand in **Vanrhynsdorp** by **Letsatsi Lodge.**

Dag 3

Na ‘n heerlike ontbyt neem ons die pad en ry via **Klawer** tot by Clanwilliam. Ons volg die indrukwekkende pakhuispas in die **Sederberge.** ‘n Besoek word gebring aan die digter, **C. Louis Leipoldt** se graf, asook die asemrowende **Bidouwvallei** met al sy prag.

Ons ry verder oor **Elandsbaai, Dwarskersbos** en **Laaiplek**. Verby **St Helenabaai** neem ons die afdraai na **Paternoster** met sy kenmerkende witgekalkte vissershuisies en karakter van eenvoud. Ons besoek die **Cape Columbine Natuurreservaat** waar ons by **Tietiesbaai** stop en vertel hoe hierdie baai aan sy eienaardige naam gekom het. Ons oornag vir die volgende twee aande in **Langebaan by Club Mykonos.**

Dag 4

Na ontbyt vertrek ons na verskeie plekke in die omgewing. Ons maak ‘n draai in **Saldanha** en geniet die mooi uitsig oor die dorp en hawe vanaf Saldanha Heigths. ‘n Klein entjie vandaar gaan loer ons in by die bekoorlike vakansiedorpie, **Jacobsbaai**. Ons bring ‘n besoek aan die **Weskus Nasionale Park** en **Postberg Privaat Reservaat,** wat bekend is vir sy blommeskouspel hierdie tyd van die jaar. Ons besoek die Geelbek Restaurant in die park waar ons ‘n heerlike koppie tee/koffie en ligte verversings kan geniet (opsioneel en vir eie rekening).

Dag 5

Na ontbyt vertrek ons terug na die binneland. Ons reis oor **Darling** met ‘n baie interessante besoek aan die Duckitt Orgidieë Kwekery ! ‘n Kort besoek aan **Tulbagh** word ingeruim om ‘n stop by ‘n plaaslike droë vrugte winkel te maak en om van die streek se wyne aan te koop. Ons ry via **Ceres**, **Touwsrivier**, **Laingsburg** tot by **Beaufort-Wes,** waar ons vanaand oornag.

Dag 6

Vanaf **Beaufort-Wes** ry ons via **Colesberg** en behoort laatmiddag in Bloemfontein te arriveer.

ALGEMENE INLIGTING

1. Toerprys is onderhewig aan moontlike **brandstofstygings**.
2. Kosmos Toere behou die reg voor om program te wysig soos wat omstandighede dit noodsaak. Indien u dus afsprake wil reël met familie of vriende tydens die toer, moet u dit net in gedagte hou.
3. Aktiwiteite aangetoon as opsioneel, se koste is nie in die toerprys ingesluit nie. Skakel ons vir pryse.
4. Akkommodasie is in hotelle, lodges en chalets. **Handoeke** word nie oral voorsien nie. Dit is dus altyd raadsaam om u eie saam te neem. U kan ook snoepgoed, koffie en tee saamneem vir u kamer.
5. Op oggend van vertrek uit Bloemfontein, word ontbyt nie voorsien nie. Dit is dus raadsaam om iets te ete op die bus saam te bring. Op die laaste dag van die toer word aandete ook nie voorsien nie.
6. Hoewel ons sal poog om almal se behoeftes te akkommodeer, kan spesifieke sitplekke op die bus ongelukkig nie gereserveer word nie. Indien u uitermatig groot van liggaamsbou is, moet u ons asseblief daarvan verwittig. Vir praktiese redes kan dit soms ook nodig wees om daagliks sitplekke op die bus te roteer.
7. **Bagasie**: Ons beveel aan dat u nie u mooiste en beste tasse sal gebruik nie. Hoewel alle sorg gedra sal word om u bagasie met versigtigheid te hanteer, is dit soms onvermydelik dat tasse in die bus se bagasieruim of sleepwa geringe skade kan opdoen, veral op grondpaaie. Ons plaas geen beperking op bagasie nie, maar ons aanbeveling is een groot tas wat u self kan hanteer en handbagasie.
8. **Betaalinstruksies**

Metodes van betaling:

- Elektroniese oorplasing.
- **LW GEEN KONTANTINBETALINGS in ons bankrekening. Bankkoste sal vir die kliënte se rekening wees. Skakel ons vir 'n alternatief.**
- Ons beskik ongelukkig nie oor Kredietkaartfassiliteite nie.

Bankbesonderhede

Andries du Toit
ABSA-Spaarrekening
Rek.no: 047 8140 541
Takkode: 63 20 05

L.W. U Van en Toer moet as verwysing gebruik word: Bv. Botha, Weskus.
Indien die verwysing nie korrek is nie, kan ons nie bepaal wie se betaling dit is nie en kan u moontlik u plek verbeur. Verwittig ons van u betaling deur sms te stuur na 082 924 8825.

Kansellasiebeleid

Ontvangs van ‘n kliënt se deposito word beskou as ‘n bindende ooreenkoms tussen Kosmos Toere en die kliënt. Kosmos Toere bevestig hiermee die kliënt se bespreking en die kliënt bevestig dat hy/sy wel die toer gaan onderneem. Dit stel Kosmos Toere instaat om die nodige uitgawes rakende die toer namens die kliënt aan te gaan en in geval van kansellasie, impliseer dit noodwendig verliese.

Indien die kliënt sou besluit om te kanselleer, sal ons ongelukkig die volgende kansellasiefooie moet hef om vir verliese te kompenseer:

- 45 dae of meer voor vertrek: R 100.00 per persoon administratiewe fooi sal van deposito verhaal word;
- 30 tot 44 dae voor vertrek: Volledige deposito word verbeur;
- 15 tot 29 dae voor vertrek: 50% van toerprys word verbeur;
- 0 tot 14 dae voor vertrek: 100% van toerprys word verbeur.

Uitsondering op bogenoemde sal gemaak word in geval van siekte of dood, maar die kliënt moet besef dat uitgawes aangegaan word wat aan derde partye oorbetaal word, en in sommige gevalle nie terugbetaalbaar is nie. In geval van siekte of dood sal Kosmos Toere poog om so veel moontlik van hierdie betalings van derde partye te verhaal. Alle gelde wat dan nog nie aan derde partye oorbetaal is nie, asook alle gelde wat van derde partye verhaal kan word, sal dan aan die kliënt terugbetaal word. Die kliënt verbeur dan slegs dit wat nie van derde partye verhaal kan word nie.

Indien die kliënt kanselleer en self ‘n plaasvervanger sou kry, sal geen kansellasiefooie gehef word nie. Kosmos Toere onderneem ook om te poog om gekanselleerde plekke gevul te kry. Daar kan egter bemarkingskoste aan verbonde wees. Indien ons vir u ‘n plaasvervanger sou kry, sal bemarkingskoste (waar van toepassing) van die kliënt se deposito verhaal word en die balans terugbetaal word.

Neem asb kennis dat alle terugbetalings gedoen sal word eers na afloop van die toer.